### *Die skepping van hemel en aarde*

**219** Cyrenius vra My egter om op ooreenkomstige wyse verder te gaan met die uitleg van die Mosaïese skeppingsgeskiedenis.

[2] En **Ek** sê: "Vriend, wat Ek begin het, sal Ek ook beëindig, dit is net voorlopig en in hierdie tyd nog die vraag of julle dit wel sal verstaan. Want om die Mosaïese skeppingsgeskiedenis goed te kan verstaan, moet `n mens baie kennis hê van die hele wese van die mens, en daaraan kan `n mens net so moeilik kom as aan die korrekte en volledige kennis van Elohim.

[3] Dan sou Ek vir julle eers die hele materiële, sielkundige en geestelike bou van die mens haarfyn moet ontleed en toon hoe die sielkundige haar eerste uit die geestelike, en die materiële hom uit die sielkundige ontwikkel en gevorm het, en met watter tallose talle ooreenkomstige sake dit korrespondeer, soos wat die oneindige talle tinte van die lig korrespondeer met die net so talle tinte sonder lig.

[4] Julle kan dus goed sien dat dit nie so maklik en vinnig kan gebeur as wat julle dink nie. Maar Ek sal julle tog soveel daaroor vertel as wat julle voorlopig kan verdra, en waarvoor julle, om dit met enige oortuiging te verstaan, al in julle siel voorsien is van ervaringe en die nodige voorkennis daarvan het. - Luister dus!

[5] As Moses sê: 'In die begin skep Elohim hemel en aarde', dan bedoel Moses daarmee absoluut nie die sigbare hemel en die sigbare materiële aarde nie. Daaraan sal hy as `n egte wyse nooit gedink het nie, omdat hy altyd maar net die volle innerlike waarheid in sy verligte wese besit het. Maar hy omsluier sy groot wysheid deur beeldspraak, soos wat hy vir die volk sy té stralende gesig met `n drievoudige bedekking moes omsluier.

[6] Onder die 'hemel', wat Moses die eerste laat skep, moet verstaan word dat Elohim die gawe van die verstandelike vermoë eertyds, hoewel reeds in die tydelike, buite Sy ewige en suiwer geestelike sentrum, dus in ‘n sekere sin buite Homself gestel het - maar, soos gesê, alléén maar die gawe van die verstandelike vermoë. Die is soos `n spieël wat ook in die donkerste nag in staat is om die afbeelding van tasbare voorwerpe in, of meer nog óp sy gepoleerde oppervlak heeltemal korrek en waar op te neem en weer te gee. Maar as daar in die donkerste nag heeltemal geen voorwerpe is nie, is die spieël duidelik van nul en gener waarde!

[7] Daarom praat Moses naas die plaas van `n hemel, of te wel die gawe van die verstandelike vermoë buite die lewensentrum van Elohim, tewens oor `n so te sê gelyktydige skepping van die aarde. Wie en wat is dan nou hierdie Mosaïese aarde? Julle dink miskien: 'Hierdie natuurlik, wat ons dra!' - O, heeltemal mis, liewe mense!

[8] Kyk, met die 'aarde' bedoel Moses slegs maar die vermoë tot opneming en tot aantrekking van die, met mekaar verwante na buite gebringde verstandelike vermoëns. Wat groot ooreenkoms het met dit wat sommige wysgere van die Egiptenare en die Grieke gedagte-assosiasie noem. Daarvolgens moet uit aan mekaar-verwante begrippe en idees, `n voltooide, met waarheid gevulde sin ontstaan.

[9] Omdat egter in die deur Elohim na buite gebringde verstandelike vermoëns deur hul verwantskap die wedersydse aantrekkingskrag al as vanself meespeel, volg die derde gevolgtrekking haas vanself. Naamlik dat die verwante verstandelike vermoëns mekaar ook werklik aangetrek het en saamgaan. Moses kon vir daardie, toe nog uitermate geestelike gebeure, kennelik geen deugdeliker en algemener beeld bedink as die beeld van die materiële aarde nie. Want die aarde is tog niks anders as `n konglomeraat van slegs maar aanmekaar verwante stoflike deeltjies wat mekaar aantrek nie.

[10] Maar, 'Dit was nog duister op die aarde' sê Moses verder. Sou Moses nou helaas daarmee die gebrek aan lig op die pas geskape aarde aandui? Ek sê vir julle dit sou nie eers in die gedagtes van die wyse Moses opgekom het nie! Want Moses was `n groot kenner van die waarneembare wêreld en was só ver ingewy in die Egiptiese wysheid en wetenskap dat hy beslis goed geweet dat die aarde - as kind van die son minstens `n miljardmaal miljarde aardse jare jonger is as moeder son – wat by haar ontstaan nie duister kon gewees het nie. Maar Moses het daarmee weer met `n beeld aangegee dat die verstandelike vermoë en die vermoë tot aantrekking deur verwantskap van die verstandelike vermoëns nog glad nie besef, begrip en selfbewussyn teweeggebring het nie - wat alles identies is aan die begrip 'lig' -. Inteendeel, dit word eers teweeggebring as dit tesame kom, waarna hulle mekaar onder druk stel, waardeur wrywing ontstaan en daar in ‘n sekere sin geveg gaan word.

[11] Het julle nog nooit gemerk wat daar gebeur as mens klippe of hout hard oor mekaar vryf nie? Wel, dan kom daar vuur en lig te voorskyn! En kyk, dít is die lig wat Moses in die begin laat ontstaan!"

### *Aarde en lig*

**220** Wat die lig beteken, weet ons nou, maar daar staan tog eers dat die aarde woes en

leeg was! Dit staan wel vas dat slegs met die moontlikheid om iets te kan bevat, net soos met die daarvoor gevoelde behoefte, daar nog geen houer gevul is nie. Solank daar egter niks in die houer is nie, solank is die houer woes en leeg.

[2] So was dit ook by die oerskepping gewees. Uit Elohim was daar wel oneindige hoeveelhede gedagtes en begrippe deur die almagtige wilskrag van Sy liefde en wysheid in alle ruimtes van die oneindigheid na buite gebring, naamlik die gedagtes en begrippe wat ons eerder die afsonderlike, na `n spieël lykende verstandelike vermoëns genoem het. Dit doen ons omdat elke enkele gedagte in ‘n sekere sin `n refleksie in die hoof is van die een wat die steeds besige hart self produseer.

[3] As egter `n losse gedagte, of `n begrip op sigself, lyk na `n leë houer of ook na `n spieël in `n donker kelder, dan is ook hul onderlinge samehang nog woes en leeg; en omdat daar nog geen wedersydse aksie is van die onderlinge verstandelike vermoëns nie, maar daar slegs maar moontlikhede is vir die bestaan en vir aksie, is dus alles nog, soos vroeër opgemerk, koud, sonder vuur en sonder lig.

[4] Al hierdie onaktiewe en beweginglose gedagtes en idees van die goddelike Wysheid word heel treffend vergelyk met die 'waters', waarin ook tallose spesifieke elemente hulle afsonderlik by mekaar bevind, maar waaruit uiteindelik tog die hele stoflike wêreld haar veelvormige bestaan haal.

[5] Maar al sou alle verheffende gedagtes en die ontwikkelde idees wat deur Elohim se Wysheid daaruit kom, nog so waar gewees het, dan sou hulle, net so min as die gedagtes en idees van `n geleerde op aarde, tog nooit realiteit kon word nie, as die middele tot verwerkliking ontbreek het. As daar ooit `n werklikheid denkbaar is wat volg op die gedagtes en idees, dan moet die ooreenkomstige middele eers gelewer word waardeur die egte aktiwiteit van die gedagtes en idees, sowel van binne as van buite inwerkend, en uitgaande van `n hoë krag en mag, begin.

[6] As `n mens gedagtes tot idees wil saamvoeg en hulle wil uitvoer, moet hy, afgesien van die benodigde middele, `n oorgroot liefde by sy gedagtes en idees voeg. Hierdie liefde versorg haar gedagtes en idees dan soos `n hen wat haar kuikens versorg. Daardeur word die gedagtes en die begrippe wat daaruit ontstaan steeds konkreter en lewendiger en neem steeds meer vorm aan. En kyk, hierdie liefde is die genoemde Gees van Elohim Self, wat volgens Moses oor die waters sweef, waarmee niks anders bedoel word nie as die nog vormlose en onwerklike oneindige massa gedagtes en idees van Elohim!

[7] Lewend gemaak deur hierdie Gees, begin die gedagtes van Elohim hulle tot groot idees te verbind, en die een gedagte roep die ander op en die een idee die ander. En kyk, daar vind dan in die goddelike orde asof vanself die 'Daar was lig' en 'dit word lig' plaas. En so word volgens Moses dan ook alles van die natuurlike groot skeppingswerk vanaf die oerbegin vanself verklaar. Daaraan parallel lopend egter ook, in hoofsaak die sielkundige en geestelike vormingsproses van die pasgebore kind tot aan die grysaard en van die eerste mens van die aarde tot aan ons tyd en so verder tot aan die eenmaal plaasvindende einde van hierdie wêreld!

[8] Dan volg daar in die verhaal van Moses `n reël, waardeur dit lyk asof Elohim pas nadat die lig hom uit die vuur van die liefdeswerksaamheid van die gees ontwikkel het, begin insien dat die lig goed was. Dit is natuurlik in die verste verte nie so nie. Dit is slegs maar `n getuienis van die ewige en eindelose Wysheid van Elohim, wat aangee dat die lig `n waaragtig vrye lig is, `n geestelik lewenslig, wat hom vanself uit die werking van die gedagtes en idees van Elohim volgens die orde van die Wysheid ontwikkel het. Daardeur kon die gedagtes en idees wat op hierdie wyse deur Elohim na buite gebring is, hulle as selfstandige wesens volgens die eie intelligensie, natuurlik onder die altyd aanwesige invloed van Elohim, verder asof uit hulleself ontwikkel. Dít word met die bysin van Moses bedoel, en nie dat Elohim pas daardeur tot die subjektiewe insig gekom sou het dat die lig iets goeds was nie!"